

Christus wy ons aan God se liefde. Daarom hou ons aan stry teen sonde.

Ds. PJ Kriel

01.05.2022

Inhoud hierdie preek wys die verskil tussen om sonde te oorwin en om suksesvol of onsuksesvol te wees om met sondes op te hou. Die stryd wat gelowiges gewen het, is dat hulle hulself aan God se liefde kan toewy, al doen hulle nog sondes. Daarom is om sondes te doen en op te hou doen, soos veldslae in 'n oorlog wat reeds gewen is. Die stryd was om aan God se liefde toegewy te wees, en dit is 'n vir ons 'n werklikheid deur Christus. In ons toewyding aan sy liefde kan ons dan soms suksesvol en soms onsuksesvol wees om met sondes op te hou.

Skriflesing Joh. 17: 17 – 19; 1 Joh. 1: 8 – 2: 2, 4: 9 – 19, 5: 1 – 5.

Teks 1 Joh. 4: 4b en 5 *“^{4b}En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. ⁵Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?”*

Tema: Christus wy ons aan God se liefde. Daarom hou ons aan stry teen sonde.

1. Christus as Here skep vir ons as gelowiges 'n nuwe lewenswyse: ons het sonde oorwin al sukkel ons nog met sondes. Hierdie lewenswyse in Christus staan in direkte kontras met alle spiritualiteite en ander godsdienste waar jy die sonde oorwin deur op te hou sondes doen. In hierdie geestelikhede oorwin jy sonde wanneer jy nie meer met sondes sukkel nie.

Die lewe waarin ons sonde oorwin het al sukkel ons nog met sondes, gaan oor die verskil tussen tussen om sukses te behaal en om die oorwinning te behaal.

'n Mens kan baie suksesvol wees en verloor, en ook baie suksesse behaal sonder om die oorwinning te behaal. Maar die teenoorgestelde is ook waar – jy kan onsuksesvol wees en nog steeds oorwin.

Ons nuwe lewe in Christus oorwin ons sonde in die geloof in Christus terwyl ons uit liefde soms suksesvol en ander kere onsuksesvol teen sonde stry.

Ons kan dit toelig met die verskil tussen veldslae en stryd en ook die verskil om wedstryde te wen of die reeks te wen. 'n Veldslag is soos die Boere se oorwinning by Amajuba in Natal oor die Britse magte en nog 'n paar ander veldslae. Maar die veldslag is nie stryd wat gewen is nie. Die stryd gaan oor selfbeskikking of oorheersing deur 'n vreemde mag. Die Boere het hierdie stryd teen Brittanje verloor ten spyte van al die veldslae wat hulle gewen het. In die Amerikaanse vryheidsoorlog het Amerika aan die begin baie veldslae verloor maar ten spyte daarvan die vryheidstryd gewen.

Daarom moet ons as gelowiges ontdek wat is die verskil tussen die oorwinning van sonde, die stryd, en suksesvolle of onsuksesvolle veldslae, om spesifieke sondes te doen of op te hou doen.

2. 1 Joh. 1: 10 wys ons wat is die veldslae teen sonde. Johannes stel dat ons ons sondes wat ons doen, moet erken, en as ons nie ons sondes kan erken nie, is ons

Christus wy ons aan God se liefde. Daarom hou ons aan stryd teen sonde.

besig om 'n leuen te leef. So om op te hou om spesifieke sondes te doen, kan nie die stryd teen sonde wees nie, want ons moet erken dat ons mense is wat sondes doen.

Die veldslae in ons geloofslawe is om te probeer om nie spesifieke sondes te doen nie, hiermee kan ons suksesvol of onsuksesvol wees. Daarteenoor kom Johannes en stel dat terwyl ons hierdie veldslae teen sondes voer, is die stryd teen sonde gewen: *“^{4b}En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. ⁵Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?”*

” Gelowiges het die oorwinning van die stryd teen sonde behaal, nie sukses oor spesifieke sondes nie. Christus se oorwinning oor sonde, is gelowiges se oorwinning oor sonde. Christus stel dit in sy Joh. 17 só: *“¹⁷Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid. ...¹⁹en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees.”* Die werklike stryd gaan oor toewyding aan God: om toegewy te wees aan God se liefde vir jou, en oor jou liefde wat aan God toegewy is. Toegewy beteken volkome en volledig ingesluit te wees in God se liefde, en jou liefde wat deur God as volkome en volledig aanvaar word. Wie ingesluit is in hierdie liefde van God, het die stryd teen sonde gewen, want sonde se krag was om jou van God se liefde te vervreem. Hoe het Christus die sondige wêreld oorwin? Sy wyding aan sy Vader is sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding vir ons, in ons plek, en hierdeur wy Hy ons en ons liefde toe aan God die Vader.

Hierdie toewyding aan God en toegewyd wees aan God, is iets wat alleen Christus bewerk en waar laat wees, deur die wyding van sy lyding en opstanding. Dit word nie deur mense bewerk wat suksesvol is om nie een of ander sonde te doen nie.

Daarom het elkeen wie in Christus glo, die stryd teen sonde gewen, want die stryd was om in God se liefde ingesluit te word. Wie in Christus glo, is ingesluit in God se liefde. Gelowiges het die stryd teen sonde gewen deur hulle geloof in Christus.

3. As jy aan God se liefde toegewy is, het jy die stryd teen sonde oorwin, en Christus het ons deur sy lyding en opstanding aan God se liefde toegewy. (Joh. 17; 17 – 19) Daarom behaal ons die oorwinning in die stryd teen sonde deur ons geloof in Christus. Sonde moes dat God ons nie liefgehad het en ons liefde as nie goed genoeg verwerp het. Maar deur ons geloof in wat Christus vir ons is en doen – is Christus in ons en ons in Christus, bedoelende is ons ingesluit en leef ons in God se liefde waarin ook ons sondes met al ons gebreke en halfhartighede, vir God geheilig is.

Wanneer ons sukkel met sondes in ons lewe moet ons onself die vraag afvra: is ek hier met die stryd teen sonde of met 'n veldslag teen sonde besig?

Ons moet die twee uit mekaar kan haal. Die stryd teen sonde is gewen, jy kan dit nie voer nie want jy is ingesluit in God se liefde ten spyte van jou sondes. Dit is afgehandel. Jy kan in jou lewe nog net besig wees met die gesukkel om nie sondes te doen nie – die veldslae waarin jy soms suksesvol en soms onsuksesvol is. Ons sukkel met sondes, wil sukkel met sondes en aanhou sukkel met sondes omdat ons die stryd teen sonde gewen het deur ons geloof dat Christus ons in God se liefde laat leef, al doen ons sondes.

Christus wy ons aan God se liefde. Daarom hou ons aan stry teen sonde.

Wat maak hierdie stryd teen sonde wat Christus vir ons gewen het? Dit maak ons liefde maklik! Johannes verklaar dat vir gelowiges is God se gebooie nie moeilik om te onderhou nie. Dit is vir gelowiges maklik om te doen wat in die Tien Gebooie staan. Ons hoor dit altyd verkeerd asof dit maklik is om met sondes op te hou.

Nou hoe kan dit maklik wees om die Tien Gebooie te gehoorsaam as ons nog die hele tyd sukkel met sondes? Hier moet ons weer die onderskeid ken tussen stryd en veldslag. Wanneer die stryd gewen is, is die veldslae maklik, want dit word geveg as deel van die oorwinning! Ons gesukkel met spesifieke sondes, is nou maklike liefde, want dit is 'n gesukkel binne 'n liefde wat ons nooit weer kan verloor as ons spesifieke sondes doen nie.

4. Johannes beskryf hierdie maklike liefde deur 'n onderskeid te maak tussen eerste en tweede liefde, (1 Joh. 4: 19) en werklike en nie-werklike liefde. (1 Joh. 4: 10 83 vertaling) Ons liefde vir God is 'n tweede liefde. Die eerste liefde is sy liefde waarmee Hy ons in sy liefde insluit as begeer ons en doen ons nog sondes. Daarom is ons liefde maklik want sy liefde bly altyd die eerste liefde waarmee ons altyd in Hom en sy liefde bly. Dit is ook maklike liefde want ons liefde is nie meer werklike liefde nie, bedoelende dat God ons volkome liefhet en ons gebroke liefde vir Hom volkome laat wees, al is dit nie werklik só nie.

God se eerste en werklike liefde verander werklik die karakter waarmee ons dan elke dag met sondes sukkel. Dit is vir ons 'n gesukkel om die gebooie van God te onderhou, soos met selfbeheersing. Dit is vir ons altyd 'n geveg en 'n gesukkel om selfbeheersd op te tree, met al die redes wat ons het of sommer net vir onself opmaak op ons selfbeheersing te verloor.

Hoe verander die feit dat ons die stryd teen sonde deur ons geloof gewen het, om onseibaar binne God se liefde te leef, met ons geveg en gesukkel teen sondes?

Dit is soos die verskil in sport om die reeks te wen of die wedstryd te wen. In die Christelike geloof het ons die reeks gewen! Die reeks is om in God se liefde te bly leef en Hy my gebroke liefde vir Hom volkome laat wees, ons en ons liefde is vir God heilig. Ons het die reeks gewen deur Christus! Hoe gaan ons ou die oorblywende wedstryde speel? Johannes stel dat die jongmense wat glo is sterk, God se Woord bly in hulle en hulle het die Bose oorwin! (1 Joh. 2: 14)

Omdat ons die reeks gewen het deur ons geloof in Christus, gaan ons die oorblywende wedstryde na hierdie reeksoorwinning, voluit speel: met volle toewyding aan liefde binne liefde vir die spel wat nou net net 'n oefening in liefde is.

5. Dit is mos wat 'n wenspan doen! 'n Wenspan raak nooit ligsinnig, ongeërg en belangeloos met die wedstryde wat hulle nog moet speel na hulle die reeks gewen het nie. Die teendeel is waar. Omdat hulle die reekswenners is, speel hulle die wedstryde met die krag van die oorwinning wat behaal is, (1 Joh. 2: 14) uit liefde vir die spel.

Waarmee is ons besig as ons met spesifieke sondes en neigings in ons lewe sukkel? Die antwoord is ons is met die wedstryde besig na ons al klaar die reeks gewen het! Want ek is en bly in God se liefde!

Christus wy ons aan God se liefde. Daarom hou ons aan stry teen sonde.

Hoekom wil ek nou teen hierdie sonde veg en probeer ophou met hierdie sonde? En die antwoord is uit die liefde wat ek ken en het: die spel van liefde met die lewe wat God my skenk! En dan is dit maklik!

Wanneer verloor jy, al is jy suksesvol? Dit gebeur mos baie! Om deur en met 'n sukses die saak te verloor! Dit klink in ons geestelike lewe só: ek moet hierdie sonde oorwin, om die Here reg te kan lief hê. Ek moet hierdie verkeerde gewoonte afleer sodat God my in sy liefde sal kan aanvaar. As dit is wat jy doen wanneer jy veg teen 'n sonde, het jy klaar die stryd teen sonde verloor. Soos om mense te vloek. Wanneer jy veg om mense nie te vloek nie as die wyse waarop jy probeer om heilig vir God se liefde te word en om jou liefde aan Hom toe te wy, dan kan jy suksesvol wees, jy vloek nie meer mense nie, maar om só op te hou vloek het jy die stryd teen sonde verloor.

Hoekom? Want jy hou op vloek omdat jy nog nie aan God se liefde toegewy is nie, en omdat jy deur nie te vloek nie God se liefde probeer verkry. Liefde wat jy nie het nie. Jy probeer ophou om mense te vloek as 'n manier om jou liefde aan God toe te wy, te heilig!

Jy kan ophou vloek, maar dit maak nie God se liefde vir jou en jou liefde vir God, beter nie. Die oorwinning om in God se liefde te wees, te bly en te leef, is net deur Christus en ons geloof in Hom. Christus heilig ons liefde vir God, nie ons wat dit regkry om op te hou vloek nie.

6. Daar is 'n spreuk wat sê: “Aanhouers wen!” Volgens die onderskeid tussen stryd en geveg, is hierdie spreuk verkeerd. Om aan te hou om te probeer om minder sondes te doen, om spesifieke sondes as minder te doen en spesifieke neigings al minder te beleef, as 'n manier om God se liefde te wen, is hoe jy God se liefde verloor!

In die Christelike geloof moet ons hierdie slagspreuk omdraai en dan klink dit só: “Wenners hou aan!”

Ons het die stryd teen sonde oorwin. Die krag van sonde is om ons van God se liefde te skei. Christus het hierdie skeidingskrag van sonde gebreek. Jy kan nooit weer deur jou geloof in Christus van God se liefde geskei of vervreem word nie. En jy kan nie jou liefde vir God so heilig soos Hy dit heilig deur iets beter of minder te doen nie. God heilig, wy ons liefde aan Hom toe deur Christus, nie deur ons wat minder sondes doen of met party sondes ophou nie.

Dit skep hierdie totaal nuwe lewenshouding – hoekom wil ek met hierdie sondes of neigings ophou? Want dit is my liefde! Nie om meer of beter liefde van God te kry nie, nie om ons liefde heiliger te maak nie!

Uit hierdie sekuriteit, geborgenheid en krag van toegerekende liefde wil ek aanhou sukkel en veg teen sondes en neigings, want dit is hoe ek my in God se liefde wil oefen. Ek doen dit uit liefde vir die liefdespel. Elke sonde en neiging wat ek minder doen of stop, is die geveg van veldslae wat ek mee besig is omdat ek sonde oorwin

Christus wy ons aan God se liefde. Daarom hou ons aan stry teen sonde.

het deur my geloof in Christus waarin ek in god se onskiedbare liefde leef. Ons is lief vir ons gesukkel teen sonde en daarmee gaan ons aanhou tot ons dood is.

Ons veg daarteen omdat ons wil!

Ons mag nie dat die geestelikes van hierdie wêreld met hulle verdraaide geestelikheid ons van die oorwinning van sonde beroof nie. Hulle houding dat jy sonde oorwin as jy een sonde minder of ophou doen! Dit laat gelowiges voel dat hulle nie teen sonde kan veg nie, want hulle weet dat hulle nooit die stryd teen sonde – om God se liefde te kry en ons liefde vir God heilig te laat wees, wen nie. Dit skep 'n geestelikheid van “Jy het klaar verloor en daarom moet jy veg teen sonde!” 'n Onmoontlike stryd om ooit te wen.

Ons het sonde oorwin en daarom veg ons teen sondes! Sterk in maklike liefde! Ons het die stryd gewen en hou aan sukkel met sondes.